Borgwardklub van Suid-Afrika, Suidelike Streek

Borgward Club of South Africa, Southern Region

March 2021

# Foreword/Voorwoord

## INSIDE THIS ISSUE

| | |
|---|---|
| Foreword | 1 |
| AGM 12 Augustus 2020 | 2 |
| Nuwe Lede | 2 |
| Voorsitter se Verslag | 3 |
| Kersete | 4 |
| History Repeats Itself | 4 |

## Van die Voorsitter

Ten spyte van die Covid inperkings het ons ons Jaarvergadering suksesvol afgehandel in Augustus verlede jaar. Dankie aan almal wat die risiko getrotseer het met hulle bywoning en ook aan die wat per proksie die vergadering ondersteun het. Johan de Villiers het sy uittrede as ondervoorsitter aangekondig en aangesien daar geen nominasies was nie is die pos tydelik vakant verklaar. Besonderhede van die nuwe bestuur en ander inligting verskyn elders in hierdie uitgawe. Neem ook asseblief kennis dat daar eenparig besluit was om alle aktiwiteite af te stel tot en met ons afskop braai wat sou plaasvind op 7 Februarie 2021. Dit moes ons ongelukkig ook intussen afstel as gevolg van die tweede en meer ernstige vlaag van die epidemie wat die Weskaap getref het.

Ek het die afgelope maand rond gebel onder lede om te hoor hoe dit gaan, en is getref deur die feit dat elkeen met wie ek gepraat het, op een of ander manier geraak is deur die pandemie. Of direk deur gesinslede wat positief getoets is en/of vriende en familie asook werkers. Sover ek weet het almal gelukkig herstel. Ons moet egter ons innige simpatie oordra aan Leonard Schneider, voorsitter van die Early Ford Car Club, met wie ons noue bande het, met die afsterwe van beide sy suster en swaer as gevolg van Covid, binne 12 dae van mekaar.

Dit is ook met leedwese dat ons verlede jaar kennis geneem het van die afsterwe van ons stigterslid Danie de Villiers. Ek, Robert en Johan de Villiers het sy gedenkdiens bygewoon waar ek 'n kort huldeblyk namens die klub gelewer het. Die familie het dit baie waardeer dat ek en Robert met ons Coupès daar was veral omdat Robert se Coupè eers aan oorlede Danie behoort het. Ons kon reg voor die Kapel parkeer wat gesorg het vir emosionele familie fotos.

Ons is ook amptelik ingelig dat vanjaar se George motorskou finaal gekanseleer is. Die volgende skou sal eers weer vir 2022 oorweeg word.

Ek vertrou dat almal goeie gesondheid sal ervaar tot ons weer, hopelik binnekort, ons bedrywighede kan hervat. Ons sal lede deur middel van ons Whatsapp groep op hoogte hou.

Groete,

Louis

# AGM 12 August 2020

## COMMITTEE

The following committee was elected at the AGM held on 12 August 2020:

| | |
|---|---|
| **Chairman**: | Louis van Jaarsveld |
| **Secretary**: | John McEwan |
| **Treasurer**: | Willem van Jaarsveld |
| **Newsletter**: | Kees Beekman |
| | John McEwan |
| **Organiser**: | Dolf Tredoux |
| **Website**: | Danie Tredoux |
| **Multi Club**: | Pierre de Jongh |
| **Southern Cape Region**: | Japie van Rooyen |
| **Technical**: | Robert Schepel |
| | John McEwan |

It was agreed that the position of Deputy Chairman would remain vacant at present, as nobody was available for this position.

## SPARE PARTS

Johan de Villiers has been storing the spare parts on behalf of the club, and the Chairman thanked Johan for storing the spares. It was decided that a work session would be organised, as soon as Covid-19 would allow this, to sort out the spares and to catalogue the spares.

# Ons Verwelkom Nuwe Lede



Dr Martin Kruger  en sy vrou, Salome
met hulle Borgward Isabella

# Jaarverslag 2019/2020

Die afgelope jaar se verrigtinge is oorskadu deur die inperking maatreëls as gevolg van die Covid 19 virus. Covid 19 het in Maart vanjaar ons entoesiasme ‘n nekslag toe gedien en sederdien het ons letterlik van mekaar vervreemd geraak. Geen uitstappies, geen vergaderings en afgesonder. Gelukkig dat, sover ons weet, nie een van ons lede deur die virus getref is nie en daarvoor is ons baie dankbaar.

Die eerste ses maande van die boekjaar het ons wel ‘n vol program beleef met gereelde vergaderings, uitstappies en sosiale byeenkomste. Die besluit om ‘n tema vir elke maand van die jaar te identifiseer het dit maklik gemaak om ‘n jaarprogram van aktiviteite saam te stel. Om ‘n paar voorbelde te noem: Januarie—Afskop, Februarie—George Motoskou, Maart—Concours, Mei—Jeug/familie, Julie—Sopaand, Oktober—Blomme kyk, ens. So het ons daarin geslaag om ons motors by verskeie geleenthede te vertoon aan die publiek soos by Kirstenbosch, Killarney en ook by die George Motorskou, voordat Covid toegeslaan het.

Ons het ook ons eerste Concours in die Suide gehou volgens die nuwe reëls wat twee jaar gelede tydens die Nasionale saamtrek by Gariep aanvaar is. Daarvolgens word elke motor afsonderlik beoordeel volgens die toestand van die voertuig en ontvang die eienaar ‘n amptelike sertifikaat wat die status van die motor bevestig. Sertifikate bly steeds geldig vir twee jaar.

Die website *www.borgward.co.za* bly aktief en dit word gereeld deur derde partye besoek. Die koppeling aan ons Facebook blad *Borgward Club South Africa* lewer ook gereeld navrae op van buitestaanders wat met ons kontak maak. Baie dankie aan Danie Tredoux wat die website instandhou.  Die website het ons ook in staat gestel om die klub se kontak besonderhede op ons briefhoode, wat van tyd to tyd verander, te vervang met ons web adres. Dit verhoed dat gedrukte briefhoofde uit datum raak.

Ons het ook die geleentheid gehad om ons klub, op uitnodiging van die Early Ford Car klub by een van hulle vergaderings te promoveer wat goed afgeloop het met ‘n heel paar van ons lede teenwoordig. Meer gereelde kontak met plaaslike klubs en gesamentlike byeenkomste kan ons beslis meer doen. Kontak met oorsese Borgward klubs het ongelukkig ook deur die jare gekwyn en dit is iets waaraan aandag gegee moet word in die nabye toekoms.

Ons aantal lede het noemenswaardig gegroei deur die jaar en dit is veryblydend dat ons vier nuwe jeugdige lede bygekry het. Hulle is die klub se toekomstige steun pilare.

Gereelde kommunikasie met ons lede geskiet deesdae meestal deur middel van Whatsapp en email en slegs enkele afskrifte van nuusbriewe word gedruk vir lede wat nie toegang tot email het nie. Dit spaar baie drukkoste en posgelde. Die insamel van inligting vir ons nuusbrief bly egter ‘n uitdaging vir die redakteurs.

Volgende jaar is die klub se sestigste verjaardag en ons sou dit vier tydens die George Motorskou met die saamtrek van ten minste 60 Borgward modelle tydens die skou. Die Motorskou is gekanselleer weens die onsekerheid rondom die voortslepende Covid inperkings en ons sal dus moet herbesin oor die belangrike geleentheid.

Die klub se finansies is gesond en ons beperk uigawes tot die minimum. Ledegelde vir 2020/21 sal vir die sesde agtereenvolgende jaar onveranderd op R300 bly.

Ons onderdele stoor en bystand aan lede word uitstekend deur Johan de Villiers gehanteer. Baie dank aan hom vir die moeite wat hy daarmee doen. ‘n Spesiale dank ook aan almal wat deur die jaar gehelp het met onderdeel projekte soos bv. Silinderkop pakstukke ( John McEwan); Pinte (Graham Davies); 6volt batterye en and noodsaaklikhede (Japie van Rooyen); ens.

Baie dankie aan alle lede van die bestuur, verteenwoordigers en raadgewers asook ons dames wat dikwels uit hulle pad gaan om ons te ondersteun. Almal se bydraes en insette word hoog waardeer.

Louis van Jaarsveld

# Kersete

Tydens die jaarvergadering is besluit om al ons aktiwiteite te staak vir die res van 2020 weens covid 19. Hoe nader ons egter aan Desember gekom het, hoe groter het die gevoel tussen ‘n paar lede geraak om tog die Kersete te laat plaasvind vir diegene wat wou kom.



Op Sondag 6 Desember om 11.30vm het ons by die klubhuis saamgetrek. Daar was 6 lede naamlik Louis, Johan de Villiers, Pierrie, Lucas, Dolf en Hector. Ons het ook ‘n paar gaste gehad sodat ons saam met die eggenotes 15 was wat die ete bygewoon het. Die dames het versierings gebring en gou was die tafels baie mooi gedek.

Soos gewoonlik het almal ‘n bydrae tot die gemeenskaplike kostafel gemaak. Die verrassings oor watter kosse daar uitgestal word kan elke keer ‘n mens se asem laat wegslaan. Heerlik is nie ‘n woord om te beskryf hoe lekker ons geëet het nie. Almal wat nie daar was nie het beslis uitgemis. En moenie die heerlike aarbeie en roomys vir nagereg vergeet nie.

Robert en Mary sou ook die ete bywoon, maar Mary het die vorige dag met haar hond gaan stap en diè besluit toe om ‘n kat te jaag en ruk haar onderstebo. Sy het haar skouer beseer en was so in pyn dat sy nie kans gesien het om die ete by te woon nie. Intussen hoop ons dit gaan al spanne beter met haar. Robert was ook nog op die krukke lys na sy voet operasies maar ons is bly om te rapporteer dat hy suksesvol herstel het.

**Rina van Jaarsveld**

# History Repeats Itself

The McEwan children cleaning the car in preparation for the Gariep concours in 1996.



*Peter and Mark*




*Anne and Peter*

24 Years later, our grandchildren clean the same car.




*Anne’s son, Jason*



*Anne’s daughter, Amy*